Stella straat

Jesaja 40:1-11

"Geroep tot hoop"

Tuis-Adoramus 6 Desember 2020

– geskryf deur Willem Nicol

Tema: "Geroep tot hoop"

Teks: Jesaja 40:1-11

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuisadoramus alleen of saam met ander te doen. Berei net eers voor om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete,

Willem, Anton, Tienie en Fay

SKEP ATMOSFEER

Steek 'n kers aan of doen iets dergeliks om 'n atmosfeer van gebed en stilte te hê terwyl jy hierdie stiltetyd hou.

Tema

Ons is in die Adventstyd. Advent beteken "koms". Ons betree die vreugde van die belofte dat die HERE kom. Vandag wil die HERE met ons praat oor hoe dit staan met die hoop in ons hart.

Dis 'n blye tyding

Ons luister: *Hoor die blye tyding* soos gesing in 'n eenvoudige gemeente in Riviersonderend. Skakel: https://www.youtube.com/watch?v=xNsAUaGoYAk

Toewyding: Ons kyk rondom ons en dink ons kan sien wat moontlik en onmoontlik is, maar ons weet: Ons hulp kom van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Ons sing: 'n gebed dat die Here ons vanaand saam sal seën. Lied 278

Inleiding

Die volk van die Here ly in ballingskap. Maar dan kom 'n profeet met 'n aankondiging. As 'n mens die hele gedeelte lees, kan jy sien dat die aankondiging vir hulle onmoontlik lyk. Maar die Here verseker hulle: My woorde en beloftes staan vas.

JESAJA 40:1-11 (verkort)

Troos, troos my volk! sê die HERE. Maak in die woestyn die pad van die Here gereed.
Boodskap van vreugde: Hier is julle God! Soos 'n herder laat Hy sy kudde wei; in sy arms maak Hy lammers bymekaar; teen sy bors dra Hy hulle.
Die woord van ons God hou stand vir altyd.

Ons luister: The Lord is my shepherd. Skakel: https://www.youtube.com/watch?v=dcOS5JWUD0o

Kommentaar

Kyk maar rond: al die paaie van hierdie lewe is klipperig en vol gate. Die pad wat voor elkeen van ons lê, is ook so. As ons realisties vorentoe kyk, sien ons dit mos elkeen. Wat is jou troos? Israel se troos is dat die Here hulle 'n belofte gee, hoop gee. Vir hulle lyk dit onmoontlik, maar Hy verseker hulle: Ek sal daar wees in julle toekoms.
Wat is ons troos? Met eerste oogopslag sien ons 'n slegte pad voor ons, maar as ons ons oë lig, sien ons mos hoe die beloftes van die Here ons hele toekoms verlig. Ons troos is ons hoop op Hom. Hy is daar in ons toekoms, en sal daar wees. Sien jy die lig daar voor?
Met die geboorte van Jesus is ou beloftes vervul en het ons nuwe, groter beloftes ontvang.

Skriflesing word herhaal.

Ons sing: hierby pas lied 348:3 herhalend

Stilte

Kom ons kyk mooi na die Skrifgedeelte en kies enkele woorde of frases om by stil te staan tot hulle behoorlik in ons hart geland het.
Ons kan ook nadink oor die volgende vraag: In hoe 'n mate leef ek uit die oorvloedige rykdom van God se beloftes aan my? Hoe staan dit met die hoop in my hart?

Gebed

HERE, oorvloedige fontein van alles wat goed is, ons dink vanaand aan u beloftes aan ons. U het gesê U sal ons oë open om te proe hoe hoog en diep en wyd en lank u liefde vir ons is en dat U ons sodoende sal vervul met u volheid.
Ons vra onsself af in hoe 'n mate ons lewe vanuit sulke enorme beloftes.
Vergewe ons as ons 'n arm lewe lei terwyl ons soveel rykdom ontvang het.
Ons vra: Gee ons die ware hoop en vreugde.

Woordkuns: Kersfees (Lina Spies)

Ek gaan my koes hou
hierdie Kersfees
horende doof vir "Stille nag"
in supermarkte
siende blind vir wittesneeu
teen vensterrame.
Die sluipende ou heer met sy rooi mantel
en witbaard gaan ek vermy.
Ek gaan na ons nagtelike somerhemel kyk.
en my voorstel hoe het die ster
bokant die stal gelyk.
Ek gaan my ore toestop
vir die geklingel van sleeklokkies
om te luister hoe die engele sing -
Ek wil my vasklem aan die krip
omdat ek so kan vasgryp aan die kruis

koningshulde – wierook, mirre, goud -

uiteindelike geselslae, doringkroon, vloekhout.

Ons sing oor ons vreugde: lied 352:1 herhalend.

Seënbede: ons gaan die lewe in met die wete: Die groot vrede van Kersfees dra en deurdring ons.